Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

9 Augustus 2015

OGGENDDIENS: Ds. Piet

Skriflesing: 1 Petrus 1: 3 - 9
Teks: 1 Petrus 1: 6, 8 en 9
Tema: Vervul elke dag jou taak as vreemdeling met God se vreugde in jou reistas.

Ons het verlede week uit 1 Petrus 1: 1 - 2 gehoor dat ons al hoe meer vreemdelinge in hierdie wêreld word maar dat die Here ons juis hier wil hê om heilig te lewe en so Christus in die vreemde wêreld te bring. Die gedagte aan vreemdelingskap kan egter maklik jou lewensvreugde beroof. Dat jy net fokus op dit wat vir jou vreemd en sleg is en al die teenstand wat jy in jou omgewing beleef.

Daarom wys Petrus ons dadelik in die volgende verse op nie minder nie as 7 redes waarom ons reis deur hierdie wêreld ‘n vreugdevolle reis is! Die Here het ons reistas gepak met 7 kragtige waarhede wat ons elke dag kan uitpak om met vreugde in die vreemde wêreld te geniet.

Daarom roep die Here ons vanmore op om elke dag met “onuitspreeklike en heerlike” blydskap ons taak as gelowiges te vervul. Kom luister of jy vanmore die sewe redes vir jou blydskap herken en maak seker dat jy dit in jou reistas vind.

Vooraf sang
Lied 184: 1, 2, 4; Lied 203: 1, 2 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 95-1: 1; Votum; Seën; Loflied Ps 150-1: 1, 2; Geloofsbelydenis sing: Sb 12-3: 1, 2 en Sb 12-5: 1 en Sb 8-3: 1

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Spreuke; Sing Ps 119-3: 3; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing staande in antwoord op die Woord Sb 1-1: 1, 3; Liefdegawes; Gebed vir BnB; Sing Ps 33-2: 7; Seën; Amenlied Sb 13-2.

GROEPSBEDIENING

Ons kleingroepe kry vanaand die geleentheid om te vergader.
Daar vergader ‘n groep om 17:00 by die kerkgebou onder leiding van ds Piet. Bring jou Bybel en Psalmboek saam.

MEELEWING

- Christa Pienaar (Groep 27 - 072 731 5667) is tuis en hulle werk nog hard om haar immuniteit op te bou. Sy word steeds in afsondering gehou en geen besoekers word toegelaat nie.
- Tannie Kosie Kruger (Groep 2 - 082 359 4474) herstel stadig maar seker in Potchefstroom Hospitaal alhoewel sy nog baie swak is.

- Oubaas Boltman (Groep 11 - 082 554 9731) sukkel om te herstel in Krugersdorp Privaat hospitaal na sy groot operasie en ervaar baie asemhalingsprobleme. Hulle besluit nog by watter onkologie-eenheid hy sy bestraling moet ontvang.
- Tjaart Snyman (Groep 14 - 083 543 0526) is ontslaan uit MooiMed en word nou tuis behandel. Dit gaan egter nie goed met hom nie.
- Sam Bezuidenhout (Groep 22 - 082 495 8473) het ‘n operasie ondergaan om ‘n kankergewas in sy nek te verwyder.
- Marlise Styger (Groep 31 - 083 655 8145) se oupa is op 89 jarige ouderdom oorlede na hy geval en sy heup gebreek het.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap, herstel en troos sal gee.

BAIE GELUK

Baie geluk aan Johan en Juliet Jansen van Ryssen met die geboorte van hulle baba, Gustav Christiaan!

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Srs Sannie Reyneke, Filina Coetsee, Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, Kosie Kruger, Therina vd Westhuizen, Isak vd Walt en br Fanie Bezuidenhout.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir:
siekes@oosdoppers.co.za of
Louw en Magdaleen Venter (082 921 3325)

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE:

Webblad: **www.oosdoppers.co.za**
Facebook: **www.facebook.com/oosdoppers**
Ons wil ook graag ‘n vriendelike versoek rig, dat u nie op die gemeente se elektroniese sms-stelsel terug antwoord nie, maar asb die kerkkantoor bel of e-pos stuur, aangesien dit ‘n rekenaar-sms is.

AFKONDIGINGS

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Tee en Koffie
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
17:00 Groepsbediening (Groep 41 by kerk)

Maandag
Openbare vakansiedag

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
16:30 Katkisasie Gr 8
19:00 Sustersamekoms

Woensdag
10:00 Amandelbloeisels
17:15 Katkisasie Gr 9 en 10
18:00 Diakonie dagbestuur
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

Donderdag
17:30 Eiendom Diensgroep

Vrydag
18:30 Biltongaand

BYBELSTUDIE-ONDERWERPE OP WOENSDAE-OGGENDE EN -AANDE

Ons het op Woensdae-oggende (09:30) begin met ‘n studie van die Dordtse Leerreëls wat handel oor die uitverkiesing. Die Woesdagaandgroep (19:00) het begin met ‘n studie uit 1 Petrus.
UITNODIGING: Almal is welkom om saam te kom leer en groei in geloof.
Ds Piet

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 9 Augustus

Br Gerrit J v Rensburg	082 376 4856
Sr Mari Steyn	082 850 1706

Maandag, 10 Augustus

Br Michiel de Kock	082 857 8619
Sr Henda Joubert	082 466 3695
Jsr Vanessa v Rooyen	072 185 0829

Dinsdag, 11 Augustus

Jbr Wynand Lubbe	
Sr Marique Reichel	082 657 4508
Br Willie van der Walt	083 797 5246

Donderdag, 13 Augustus

Br Hardus Kruger	082 555 0493

Vrydag, 14 Augustus

Br Chris de Bruyn	082 855 7962
Sr Emily Hefer	083 698 0299
Br Wihan Pieters	076 792 7463
Sr Truida vd Walt	076 015 8616

Saterdag, 15 Augustus

Br Zard Aucamp	061 538 5247
Br Roelf Botha	082 840 6974
Jbr Riaan de Kock	
Br Jasper Venter	082 854 7229

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir die Emeritusfonds.
- Gawe volgende Sondag vir die Teol. studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by deure.
- Diensbeurte: Groep 34 en 35.

KENNISGEWINGBORD

- Bejaarde lidmaat van die Bult-gemeente benodig kuier en gesels
- Cachet-studente hou basaar – 15 Augustus

AMANDELBLOEISELS

Al die Amandelbloeisels word hartlik uitgenooi na ‘n lekker kuier-geleentheid, Woensdag 12 Augustus om 10:00 in die Skuur, waartydens Christine Lourens ons kom vermaak met haar fluitspel.

BILTONGAAND - 14 AUGUSTUS

Wat ‘n blink idee...

Ons herinner almal aan die **Biltongaand** wat hierdie jaar op **Vrydag 14 Augustus** plaasvind. Die Biltongaand was nog altyd een van die lekkerste byeenkomste op ons Oosdopper kerkkalender en beloof om weer ‘n heerlike, gesellige kuieraand te wees.Ons doen ‘n beroep op ons susters om jouself asb as gasvrou beskikbaar te stel. Kom geniet die kuiergeleentheid saam met ons. Kostes beloop R100 per persoon en die geselligheid begin om 19:00. Indien daar lidmate is wat nie ‘n gasvrou ken nie, en ook graag wil saam kuier kan julle gerus name opgee by Rieette Venter, Susan Steyn of die kerkkantoor.

Vir enige verdere navrae kan u gerus met enige van die volgende susters kontak maak: Susan Steyn, Em Volschenk en Rieëtte Venter.

LEIERSTOERUSTING - 22 AUGUSTUS

Ons wil graag al ons ouderlinge, diakens en kleingroepleiers betrek by ‘n gesprek oor die Sinode 2015 se besluite oor die Kerkgroei Bediening en hoe ons gemeente hierin moet meewerk. Reserveer op julle dagboek asb vir ons die Saterdagoggend van 09:00 - 12:00.

KLERE VIR KLIPDRIFT EN SYFERFONTEIN

Ons samel weer klere in vir die bediening by Klipdrift en Syferfontein en vra dat u asb. sal

bydra, indien u kan. Ons verkoop die klere teen baie goedkoop pryse, bv. R10 vir ’n jean of R2 vir ’n T-hemp. Sodoende kies elkeen wat hul regtig wil hê, eerder as wat elkeen ’n bondel klere gryp en hardloop. Dit bou ook die gemeenskap op omdat hul voel dat hulle ’n geleentheid kry om hulself op te bou. ’n Pa kan dus vir sy vrou en kinders elkeen twee kledingstukke koop vir so goedkoop as R50. Gratis 'handouts' lei dikwels tot skaamte by die man van die huis aangesien ander mense beter vir sy gesin sorg as wat hy kan. Ons beleef baie goeie resultate op hierdie handelswyse.
Die fondse wat gegenereer word stel ons in staat om diakonale werk te kan verrig en om herstelwerk aan die kerkgebou aan te bring.
U is welkom om enige klere, skoene, komberse, gordyne of speelgoed te skenk tot en met Vrydag 14 Augustus voor 13:00 by die kerkkantoor afgegee word.
Vir meer besonderhede kan u gerus vir Peter Hattingh (Klipdrift) kontak by 0723489133, of Johan Dunn (Syferfontein) by 0828903051.

HULP BENODIG IN ONS KERKTUIN

Ons het 6 mense nodig om ons te help - elkeen neem verantwoordelikheid vir ‘n bedding, hou dit in stand te hou en versorg dit. Kontak asb. vir Dirk Lubbe (082 771 9245) indien jy hiermee kan help.

VERBLYF GEVRA - TEOLOGIESE STUDENT

Ek is opsoek na verblyf vir 2016. Ek is in my 3e jaar van Teologiestudies en benodig rustige, veilige en bekostigbare verblyf, nie te ver van die kampus af nie. Enige hulp in die verband sal waardeer word.
Philip Hattingh - 078 1267 339 - hattphil@gmail.com

HOSPITAALBESOEK-DIENSGROEP

Diè diensgroeplede kry elkeen ‘n week om lidmate in die hospitaal te besoek en dan bietjie kontak te behou sodra die persoon ontslaan is sodat hulle nie by die huis swaar kry nie.
Indien daar lidmate is wat bereid is om betrokke te raak by hierdie diensgroep kan u asb vir Anna Smith skakel: 082 765 9813

MEDE-ORRELIS VIR DIE GEREFORMEERDE KERK POTCHEFSTROOM DIE BULT

Daar is tans ‘n vakature vir bg pos. Enige persoon met toepaslike kwalifikasies wat begeleiding tydens eredienste vir Afrikaanse en Internasionale dienste kan doen, sowel as leiding kan neem met die koördinering van instrumentaliste vir die samestelling van musiekondersteuningsgroepe, word uitgenooi om hiervoor aansoek te doen. Navrae kan gerig word aan Fransa Vorster by Gereformeerde Kerk Potch Die Bult (gkbult@gmail.com; tel 018 297 4843). Aansoeke sluit op 21 Augustus 2015.

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds RA Bain [Ronald] van Cachet na Pretoria-Alkantrant.
- Ds PJ Venter [Petrus] van Pretoria na Vryburg.
- Ds DG Zwemstra [Dinant] van Bloempark na Strand.

BEROEPE AANVAAR

- Ds MJJ Erasmus [Boeta] van Wolmaransstad na Outjo/Biermanskool-kombinasie.

BEROEPE BEDANK

- Ds MJ Erasmus [Thys] van Nelspruit na Pretoria-Alkantrant.
- Ds AB van der Walt [Braam] van Lichtenburg na Eden

Susters

Hand 2 : 46 - 47a

"Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap in alle eenvoud geëet en God geprys."

Dankie aan elke suster vir haar dienswerk in ons Here se kerk

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien onder die leiding van Kinnie Yssel (groep 12); Mari Steyn (groep 27) en Janneke Hattingh (groep 42).

Baie dankie aan die groepsusters en hul groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas - so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Baie dankie aan almal wat so getrou vir ons die vol blikkies bring.

SUSTERSBYDRAE

Kyk gerus uit vir ons **bruinkoevert waarin jy jou sustersbydrae** kan sit en in die kluis kan gooi! (Beskikbaar op die tafel in die kerk se portaal en ook in die skuur se portaal).

Die susters se fondse word verkry uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) en die fondse wat geïn word tydens fondsinsamelingsgeleenthede. Hierdie geld word gebruik om uit te reik na minderbevoorregtes en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, hoofsaaklik in Potchefstroom, donasies gegee.

.

SUSTERSAMEKOMS – 11 Augustus om 18:30 in die Skuur

Die susters reël 'n heerlike byeenkoms op Dinsdag, 11 Augustus. Let Wel: 18:30 begin ons en al die manne is uitgenooi. Maak net seker dat jy jou naam opskryf op die lys in die saal se portaal. Teken solank hierdie datum en tyd aan en kom geniet 'n "High Tea" met 'n program wat NWU-Koor, Smart Guy, Chef Amelda, Cupcakes, juwele, ens., insluit! Baie om te sien en te beleef en te koop! Aanvaar die uitdaging en WEN 'n prys!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	AKTIWITEIT
11 Aug	Dinsdag	19:00	Blok C	Sustersamekoms
14 Aug	Vrydag	18:30	Naamlys	Biltongaand
13 Sep	Sondag	19:00	Blok A	Ouderlingevergadering - verversings
18 Sep	Vrydag	18:00	Blok D/Almal	Gaweveiling en Nagmaalete

OOSDOPPERTJIES

NUUS UIT DIE BYBELKOERANT



GENIET DIE LEWE, Sê KONING

JERUSALEM. - Die koning het in ‘n diepsinnige werk wat vandeesmaand hier gepubliseer is, sy onderdane opgeroep om die lewe te geniet.

In die boek, wat hy onder die skuilnaam “Die Prediker” uitgee, skryf hy dat ‘n mens op twee maniere na die wêreld kan kyk: jy kan daarna kyk as die begin en die einde van jou bestaan, en dan kom jy onvermydelik tot die slotsom dat alles tot niks kom nie en ‘n gejaag na wind is. Of jy kan raak sien dat God betrokke is in ons wêreld, dat elke dag ‘n gawe uit sy hand is. Dan word jou lewe ‘n genot, en elke dag ‘n avontuur.

Ons beveel die boek van harte by u aan. Lees dit gerus!

Lees veral Pred. 2: 17-26 en 5: 17-19.

KOPKRAPPER

Skuif net een vuurhoutjie om 4 driehoek te kry! (Hier is die oplossing vir al julle slimkinders!)

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Turkstra
BAKKERY

ONS SPESIALISEER IN DIE VOLGENDE:

- Fyngebak
- Pasteie
- Koekies
- Beskuit
- Terte
- Kruie
- Speserye
- Bakbestanddele
- S.A. Droëvrugte
- Verpakkingsmateriaal

"Ons bak met passie"

Gouwsstraat 7 Potchefstroom
Tel : (018) 294 4271

Begroting en ramings vir 2015-2016

Ons kerke se gesamentlike roeping en verantwoordelikheid rakende* die bestuur *van die geldsake van die GKSA – Begroting 1 Julie 2015 tot 30 Junie 1916.

Vraag 1.
Hoekom hierdie skrywe oor die GKSA se geldsake?
Antwoord:
Die kerke moet die middele (ook geld) wat God gee, gebruik om hulle roeping te vervul. Die Admin Buro het die verantwoordelikheid om die gesamentlike geldsake van die GKSA te bestuur en moet rekenskap en inligting hieroor gee. Verder is die Admin Buro ook verantwoordelik vir die gesamentlike bestuur van verskeie fondse van die GKSA en moet kerke jaarliks oor die prestasie van die fondse en die begroting inlig. Die Admin Buro merk dat baie kerke negatief is oor die ramings wat deur die Sinode goedgekeur is en al hoe meer kerke raak van sustentasie afhanklik. Gesamentlik was ’n aantal kerke, op 30 Junie 2015, sowat R16.54miljoen agterstallig met ramings. ’n Jaar gelede was die syfer sowat R13.98m. Die uitdaging vir GKSA oor hulle gesamentlike geldsake word ook groter omdat ons jaar na jaar met dalende lidmaat-getalle te doen het en ons slaag nog nie daarin om enersyds die lidmaat getalle te laat groei nie of, andersyds om ons gesamentlike uitgawes wesentlik te laat daal nie.

Vraag 2.
Raming en ramings! Hoekom ramings in die GKSA?
Antwoord:
Ja, kerke is selfstandig en is geroepe om kerk te wees in die plaaslike omgewing. Dit beteken werk na binne, in die gemeente, en ook na buite.
Maar daar is werk wat gedoen moet word wat kerke op hul eie nie kan doen nie. Hierdie sake word tydens Algemene Sinodes bespreek en ooreengekom. ’n Basiese behoefte is byvoorbeeld ’n sentrale punt waar predikante opgelei kan word. Die werk waarop die sinode besluit vind neerslag in deputaatgroepe wat die werk doen en hiervoor is geld nodig; dit wissel van die uitgee van Psalmboeke tot skakeling met buitelandse kerke, waarmee ons bande het. So is daar ook deputate wat help om te verseker dat emeritus predikante en hul afhanklikes versorg word.
Die kerke het lankal reeds besluit dat die beste manier om hierdie noodsaaklike gemeenskaplike verantwoordelikheid te finansier, by wyse van ’n ooreengekome betaling per belydende lidmaat per jaar is, wat vanaf elke plaaslike kerk na die GKSA se kas oorbetaal moet word. Hierdie betalings het die benaming "ramings"gekry. Kerke met minder lidmate per predikant betaal proporsioneel minder ramings per lidmaat vir die emeritaatversorgingstrust (EVT) as groter gemeentes. Hierdie is die enkele grootste raming. Die kerke wat deel was van die voormalige oorwegende “Swart” kerke betaal net ramings vir die Teologiese Skool Potchefstroom, vir die Admin Buro en vir die Thuso fonds en nie vir die ander ses sake waarvoor ramings gehef word nie.

Vraag 3.
Wat is die ramings vir vanjaar?
Antwoord:
Die bedrag vir ramings beloop R256.60 (2015 = R215.60) per belydende lidmaat per jaar vir ons huidige boekjaar. Die Teologiese skool is die grootste uitgawe wat hierby ingesluit is en beloop R137.00 van die R256.60.
Dan moet daar bykom die raming vir die emeritaatsversorgingsfonds wat op ’n glyskaal per aantal belydende lidmate per predikant vir elke kerk bereken word. Die gemiddelde raming vir die emeritaatsversorgingsfonds beloop R 220.70 (2015 = R 203.83) per belydende lidmaat per jaar. Die ramings (sonder emeritaatsversorgingsramings = subtotaal 1 in tabel hieronder) verhoog met 19% vanjaar teenoor die syfer van verlede jaar. Emeritaatsversorgingsramings verhoog met 9.2%. teenoor die vorige jaar. Die detail is soos volg:



Die syfers in tabel formaat: (per belydende lidmaat per jaar)

	RAMING VIR:	Tot einde Junie 2014	Tot einde Junie 2015	Tot einde Junie 2016	Raming per R 1 geraam 2016
1	Teologiese Skool Potchefstroom	R 97.00	R 109.00	R 137.00	R 0.24
2	Sinodale kas	R 46.00	R 43.00	R 56.00	R 0.09
3	Administratiewe Buro	R 50.00	R 50.00	R 50.00	R 0.08
4	Kerkargief	R 9.00	R 9.00	R 9.00	R 0.02
5	Bybelvertaling	R 2.35	R 2.35	R 2.35	R 0.00
6	NWU (Puk kampus)	R 2.25	R 2.25	R 2.25	R 0.00
	SUBTOTAAL 1	**R 206.60**	**R 215.60**	**R 256.60**	**R 0.43**
7	Emeritaatsversorging (Gem. bedrag)	R 209.51	R203.83	R 220.70	R 0.38
8	Emeritaatsversorging: Medies	R 85.00	R 95.20	R 100.00	R 0.17
9	Emeritaatsversorging: Thuso	R 7.00	R 10.00	R 12.00	R 0.02
	SUBTOTAAL 2	**R 301.51**	**R 309.03**	**R 343.43**	**R 0.57**
	TOTALE RAMINGS	**R 508.11**	**R 524.63**	**R 589.30**	**R 1.00**

Uit die tabel is dit duidelik dat emeritaatsversorging (**Subtotaal 2**) beloop 57 sent (2015 = 52 sent) van elke een Rand raming gehef.

Neem asseblief kennis dat die Emeritaatsversorging op ’n glyskaal bereken word (gebaseer op lidmaat getalle en aantal predikante in elke gemeente) en dat kerke daarom hul unieke ramingsbedrag vanaf die Admin Buro ontvang. Die bedrag bo R220.70 tot Junie 2016, is slegs die gemiddelde raming vir EVT. Kerke moet nie hierdie gemiddelde raming gebruik om hul eie aanslag te bereken nie. Enige onduidelikheid in dié verband moet asseblief met dr. Wymie du Plessis opgeneem word. Voorheen is ’n basisbedrag, waarop die glyskaal bereken is, in die skedule hierbo gewys. Die Bestuur en Trustees oordeel dat die gemiddelde ramingsbedrag ‘n getrouer weergawe van die werklike posisie is.

Die buitengewone verhogings vir werk deur sekere deputaatsgroepe, het die volgende motivering:
3.1 Sinodale kas styg in nuwe boekjaar met 30% teenoor die huidige boekjaar en die hoofrede is die buitengewone Algemene Sinode, wat DV beplan word vir Januarie 2016. Daar word R734,000 per jaar vir die volgende drie jaar elk, voorsiening gemaak om die buitengewone algemene sinode en die algemene sinode van 2018 te finansier.
3.2 Teologiese skool Potchefstroom styg vanjaar eenmalig met 25.7% omdat dit nodig was om in terme van artikel 11 Kerkorde ’n regstelling met betrekking tot die versorging van ons professore in hulle mediese versorging te maak.
3.3 Die Emeritaatsversorging (gemiddelde bedrag) styg met 9.2% jaar op jaar. Hier sit ons steeds met die probleem dat daar voor 1994 nie ’n pensioenfonds vir predikante bestaan het nie. Om voorsiening te maak vir die versorging van predikante wat glad nie deel is van die pensioenfonds of wat slegs gedeeltelik uit die pensioenfonds versorg sal word, sal daar nog vir ‘’n geruime tyd vir die EVT bygedra moet word. Om voorsiening te maak vir eervolle versorging was dit nodig om die versorgings bedrag die afgelope aantal jare aansienlik te verhoog. Die gevolg is dat die ramings nog vir ’n geruime tyd betaal sal moet word.

Vraag 4.
Wat is die omvang van hierdie aktiwiteite van die GKSA – die gesamentlike aksies waarvoor ooreengekom is by die Algemene Sinode?
Antwoord:
Die bedrag wat benodig word vir die 12 maande tot einde Junie 2016, is R53 miljoen. Dit word soos volg opgemaak:



Salarisse en vergoeding (R7.8m) bestaan onder andere uit:

- 50% van die vergoeding van 10 beroepe professore by die TSP.
- 4 Administratiewe personeellede by die TSP, asook twee skoonmakers.
- 1 Argivaris by die TSP.
- 2 Personeellede wat aan die Deputate Kerklike Tydskrifte toegesê is.

Hulp aan behoeftiges sluit in:

- 44 teologiese studente wat finansieel ondersteun word.
- 38 Kerke wat finansieel ondersteun word uit sustentasiefondse.

Versorging van emeriti (R27.7m) sluit in:
103 emeritus-egpare, 69 emeritus-weduwees, 10 emeriti-wewenaars en 4 volwasse kinders wat versorg word uit die EVT-fonds.

Vraag 5.
Waar kom die geld vandaan?
Antwoord:
Van ramings en verpligte kollektes. Alle ramings en verpligte kollektes, wat kerke moet invorder en oorbetaal aan die GKSA, word kragtens besluite van die Algemene Sinode gedoen. Die Admin Buro besluit nie na willekeur hieroor nie, maar voer slegs sinodeopdragte uit. Die bedrag wat vir die uitgawes van die Admin Buro self geraam word, is die afgelope 4 jaar nie verhoog nie.



Vraag 6.
Waar staan ons nou as ons die inkomste teen die uitgawes opweeg?

Antwoord:
Ons het baie om voor dankbaar te wees! Ons kan steeds aangaan om die gesamentlike werk in GKSA te doen.
Ongelukkig is daar R16.54 miljoen agterstallige ramings wat nie hierbo ingesluit is nie. Ons vertrou dat ons die werk sal kan doem waartoe die Here ons gesamentlik roep, maar die invordering van die R16.54 miljoen agterstallige ramings sal ’n groot verskil kan maak. As kerke nie hulle agterstallige ramings vereffen nie, plaas dit net ‘n al hoe groter druk op die kerke wat wel betaal. Syfers oor agterstallige ramings is gestuur na die betrokke kerke en klassisse, om die nodige aandag daaraan te gee.

Die werk van die kerk – gesamentlik en ook u eie gemeente se werk kan net gedoen word indien lidmate hul dankbaarheid teenoor die Here uitleef. Alle kerke moet hulle lidmate aanspreek om vanuit die Bybel, hul dankoffers blymoedig te gee. Ons is oortuig dat die kerk sy verpligtinge kan nakom indien elke lidmaat/of gesin, 5% van sy/haar inkomste (na net inkomstebelasting afgetrek), as dankoffer aan sy/haar plaaslike kerk gee. Die 5% sluit nie kollektes tydens en na eredienste in nie.

Selfs met die dalende getalle van die kerk glo ons as elke lidmaat volgens die riglyn opoffer dat elke kerk en die GKSA se geldsake, dramaties beter sal lyk.

Vraag 7.
Wat is die opsomming van die prentjie?
Antwoord:

- Die kerk is die plaaslike gemeente maar die kerk is ook deel van die kerkverband.
- Ons as kerke het ooreengekom dat die gemeenskaplike werk gedoen moet word en dat geld daarvoor nodig is.
- Elke lidmaat en kerkraad het die opdrag om sy en haar gesindheid teenoor hierdie saak te ondersoek en te reageer volgens die lig wat die Here ons daarvoor gee in sy Woord.
- Ons poog hard om die fondse op te bou sodat emeriti eervol versorg kan word – ons het ’n agterstand wat ingehaal moet word, en daarom die verhogings bo inflasiekoers wat die ramings vir die emeriti se versorgingsfondse betref.
- Kerke wat met hulle ramings agterstallig is, behoort ernstig daaroor te besin omdat dit ’n direkte invloed het op die verantwoordelikheid waaroor gesamentlik met mekaar ooreengekom is. As enige kerk onduidelikheid het oor agterstallige ramings, kontak asseblief vir Wymie du Plessis. (018 297 3986 of wymiedup@gksa.co.za)

Algemeen:
Ons wil beklemtoon dat die Admin Buro nie ’n mandaat het om ramings van kerke af te skryf nie. Dit is wel binne sy opdrag om, waar kerke met die oorbetaling van ramings agterstallig raak, met daardie kerke te onderhandel en ooreen te kom rakende die terugbetaling daarvan sowel as rente daarop, ten einde kerke se finansiële verpligtinge draagliker te maak. Ons kan met dankbaarheid meld dat daar met ‘n aantal kerke reeds sodanige reëlings getref is sodat daar met die werk waartoe die Here ons gesamentlik geroep het, voortgegaan kan word.
Ons nooi kerke opnuut uit om met die Admin Buro en/of Skakeldeputate te skakel in verband met reëlings rondom betalingsterme, en nie sonder enige reëlings die oorbetaling van ramings te staak nie. Dit is immers ons plig en opdrag om ook hierin op mekaar ag te gee!

Die Admin Buro versoek alle kerkrade vriendelik om 'n afskrif van die brief aan lidmate of besoekpunte in die gemeente beskikbaar te stel. Dit kan ook dien as aansporing om lidmate se dankoffers te verhoog om voorsiening vir die ramings te maak. ’n Korter skrywe van een bladsy wat die kern van die saak uiteensit,word ook hiermee beskikbaar gestel vir gebruik deur kerkrade en lidmate. ’n "Powerpoint"-aanbieding word binnekort ook na alle kerke gestuur wat gebruik kan word om die kerkraad en gemeente verder oor bogenoemde sake in te lig. By voorbaat ook ons dank aan kerkrade dat die inhoud hiervan aan lidmate deurgegee sal word.

Ons vertrou, en dit is ons bede, dat hierdie skrywe tot groter duidelikheid sal bydra wat tot gevolg mag hê dat ons, ons ooreengekome gesamentlike verantwoordelikheid so ver moontlik sal nakom. U word vriendelik uitgenooi om in die lig van die skrywe, met die Admin Buro kontak te maak of met myself by lkruger@lkruger.com

Louis Kruger
Voorsitter: Bestuur Admin Buro.